

# VREES AS FAKTOR IN DIE REGSE BLANKE POLITIEK IN SUID-AFRIKA TYDENS DIE TWEDE DEKADE VAN DIE APARTHEIDSERE, 1958-1969

Derek du Bruyn<sup>1</sup> en André Wessels<sup>2</sup>

## Summary

*In the years 1958 to 1969 the National Party (NP) consolidated its position, as it continued to implement its policy of apartheid. These years are dominated by the premiership of Dr HF Verwoerd (1958-1966), but also by fears – on the one hand the fears generated by events on the home front (in particular the confrontations at Sharpeville and in other so-called black townships in 1960, and the terror campaign launched by Umkhonto weSizwe (MK), the military wing of the African National Congress), as well as in other parts of Africa (in particular the violence that followed on the Belgian Congo's independence in 1960). These and other events strengthened the NP's position, as a growing number of English-speaking whites broke with the United Party and henceforth voted for the NP. However, the debate in Afrikaner ranks with regard to the way in which the future of white people had to be ensured, in due course led to polarization, and in 1969 some NP supporters broke away from the party and formed the country's first truly right-wing party, namely the Herstigte Nasionale Party (HNP).*

## 1. INLEIDING

In 'n vorige artikel<sup>3</sup> is na aanleiding van die disinformasie-veldtog wat gedurende Februarie 2007 deur 'n verregse groep bekend as die Suidlanders gevoer is en waartydens beweer is dat oud-president Nelson Mandela “dood” is, gekyk na die dryfkrag agter die genoemde veldtog. Was dit bloot 'n publisiteitsfoefie of was dit gewortel in vrees, veral gesien in die lig van die waarskuwing wat aan blankes gerig is dat hulle hulself moes voorberei op gewelddadige aanvalle van swartes? Hierdie onlangse gebeure in verregse geledere is in historiese perspektief geplaas en daar is aangevoer dat regse<sup>4</sup> (lees ook verregse) politieke gedrag en denke verklaar kan

---

1 Navorsingsgenoot, Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat en tans verbonde aan die Nasionale Museum, Bloemfontein. E-posadres: derek@nasmus.co.za

2 Senior Professor, Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein. E-posadres: wesselsa.hum@ufs.ac.za

3 Sien D du Bruyn en A Wessels, “Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika tydens die eerste dekad van die apartheidsera, 1948-1958”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 32(2), Desember 2007, pp. 78-94.

4 Die term “regs” dui op 'n politieke houding wat beskryf kan word as in wese konserwatief en regs van die middelpunt op die politieke spektrum. Die term word soms tussen aanhalingstekens geskryf ten einde die “regse” blanke van die pre-1948 tydperk te onderskei van die regse blanke wat eers ná 1948 volwaardig beslag sou kry.

word aan die hand van vrees. Daar is aangedui dat 'n sogenaamde vreeslyn parallel loop met die sogenaamde regse lyn in die blanke politiek en dat beide lyne ver in die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis terugstrek. 'n Historiese oorsig oor die ontwikkeling van die twee lyne vanaf 1652 tot 1948 is gegee. Die res van die artikel het gefokus op die ontwikkeling van die "vrees- en regse lyne" in die blanke politiek in die eerste dekade van die apartheidsera, 1948 tot 1958.

In hierdie artikel word gefokus op vrees as faktor in die tweede dekade van die apartheidsera, 1958 tot 1969, 'n tydperk wat grootliks saamval met die Verwoerd- era. Die afsnypunt is 1969, dit wil sê die jaar waarin die regse politiek in Suid-Afrika volwaardig beslag gekry het met die stigting van die Herstigte Nasionale Party (HNP) as 'n politieke party regs van die destydse Nasionale Party (NP). Daar word ook gekyk na die wyse waarop interne en eksterne gebeure blanke vrese verhewig het en hoe hierdie tendens weer versterkend op die ontwikkeling van 'n regse politieke houding onder blankes ingewerk het. Uitgaande van die standpunt dat die periode 1958 tot 1969 van deurslaggewende belang was vir die vestiging van die apartheidstaat en dus ook vir die verdere verloop van die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika (RSA), word onder meer ook aan die volgende basiese vrae aandag geskenk: Wat was die kerneienskappe van die Verwoerd-era? Watter rol het die gebeure in Sharpeville en die Belgiese Kongo gespeel in die versterking van blanke vrese? In welke mate het die African National Congress (ANC) doelbewus vrees as wapen ingespan? Het vrees 'n rol gespeel in die beleidsaanpassings wat premier John Vorster vanaf 1966 gemaak het?

## 2. DIE EERSTE JARE VAN DIE VERWOERD-ERA

Na JG Strijdom se dood op 24 Augustus 1958, is hy as eerste minister opgevolg deur dr. HF Verwoerd, die destydse minister van Naturellesake. Verwoerd was 'n voorstander van 'n sogenaamde meer positiewe vorm van apartheid in die sin dat die kru "blanke-baasskap"-beginsel van Strijdom vervang is deur 'n beleid van die afsonderlike ontwikkeling van rasse. Hierdie idee van afsonderlike ontwikkeling het finale beslag gekry met die Wet ter Bevordering van Selfbestuur (Wet 46 van 1959).<sup>5</sup> Hiermee is selfbestuur, en later volkome onafhanklikheid, aan die onderskeie swart reservate, met etnisiteit as grondslag, toegeken.<sup>6</sup>

5 Unie van Suid-Afrika, *Wette van die Unie van Suid-Afrika: 1959* (Kaapstad, 1959), p. 513. Vergelyk ook die aanvaarding van die Wet op Bantoe-owerhede (Wet 68 van 1951).

6 H Kenney, *Architect of apartheid: HF Verwoerd: an appraisal* (Johannesburg, 1990), p. 148; GD Scholtz, *Dr. Hendrik Frensch Verwoerd, 1901-1966* (Johannesburg, 1974), pp. 299-302; Aparte ontwikkeling: die positiewe aspek (toespraak van Sy Edele Sen. Dr. H.F. Verwoerd, Minister van Naturellesake, by geleentheid van die opening van die Transkeise gebiedsowerheid te Umtata op 7 Mei 1957) (pamflet, Pretoria, s.a.).

In die genoemde vorige artikel is daar gewys op die rol wat vrees as onderliggende motief in die ewolusie van die tuislandgedagte gespeel het. In hierdie artikel word onder meer gevra: In watter mate is vrees wel besweer deur hierdie “finale oplossing”? Ten einde ’n antwoord hierop te vind, moet die proses wat gelei het tot groterwordende skeiding tussen blank en “nie-blank”<sup>7</sup> saam gelees word met daardie proses waarin dit hoofsaaklik die Afrikaner was wat na algehele onafhanklikheid en selfbeskikking vir die Afrikanervolk en al die onderskeie swart volke gestreef het – ’n ideaal wat nie deur die meeste “nie-blankes” gedeel is nie. Die Afrikaner se basiese vrees om as etniese minderheid saam met ’n oorweldigende swart meerderheid in ’n eenheidstaat opgeneem te word, is wel aangespreek deur die tuisland-idee, maar grootliks “besweer”<sup>8</sup> met die totstandkoming van die RSA in 1961. Die slagspreuk waarmee blanke stemgeregtigdes opgeroep is om op 5 Oktober 1960 vir hul Republiek te stem, naamlik “Ons Republiek nou om Suid-Afrika blank te hou!”, het duidelik sterker tot blankes se vrese gespreek as tot hul gevoelens van nasionalisme.<sup>9</sup>

Hoewel bogenoemde argument op die oorgrote meerderheid blankes van toepassing gemaak kan word, geld dit egter nie vir almal nie. Aan die een kant behoort gewys te word op die feit dat die afsny van die naelstring tussen Suid-Afrika en Brittanje sommige Engelssprekendes se vrese eerder versterk as besweer het. Terwyl Afrikaanssprekendes se vrees vir Britse oorheersing oënskynlik finaal besweer is, het die verdwyning van Britse simbole, sowel as Suid-Afrika se uittrede uit die Britse Statebond, by die blanke Engelssprekende deel van die bevolking die vrees dat die Engelse taal en kultuur in ’n Afrikaner-gedomineerde staat ondermyn sou word, verskerp.<sup>10</sup>

Aan die ander kant was daar segmente in die NP, naamlik die sogenaamde anti-Bantoetuislandgroepe, wat die idee van blanke voogdyskap oor die hele Suid-Afrika, eerder as die versnippering van die land in swart selfregerende state,

---

7 Wanneer die term “nie-blank/e/s” soms noodsaaklikerwys gebruik word, word geen negatiewe konnotasie geïmpliseer nie.

8 Die Afrikaner se vrees vir swart oorheersing is nooit werklik besweer nie, soos dit wel die geval was met sy vrees vir Britse oorheersing. In hierdie geval dui die term “besweer” eerder op die relatief latente aard van blanke vrese in die sestigerjare.

9 JE Bothma, *Die ontplooiing van die beleid van afsonderlike ontwikkeling met besondere verwysing na die rol van minister M.C. Botha in die vestiging en staatkundige uitbouing van die nasionale swart state* (D.Admin.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, 1989), pp. 106-120; DB Hauptfleisch, *’n Politikologiese beoordeling van die plek van blanke selfbeskikking in die RSA* (D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, 1990), pp. 198, 212, 218-219; Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad 1: 18 Mei 1959* (Kaapstad, 1959), kol. 6289-6290; JD du P Basson, “Die Suid-Afrikaanse republiekwording en enkele ervarings op die pad daarheen”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 13(1), Julie 1988, pp. 110-111.

10 Kenney, p. 198; M Ballinger, *From Union to apartheid: a trek to isolation* (Kaapstad, 1969), p. 450.

meer gerusstelend gevind het. Die feit dat hierdie groepe, naamlik die “Terug-na-Strijdom”-beweging van Fritz Smit, die Konserwatiewe Studiegroep van Robert van Tonder en die Red-Suid-Afrika-Organisasie van prof. CF van der Merwe, as ultrakonserwatief beskryf kan word, maak hulle van belang ten opsigte van die ontwikkeling van die regse lyn ná 1960. Terwyl hierdie lyn sedert 1910 in wese binne die NP as ’n enkele regse stroom gevloei het, het die ware regse denkstroom nou ’n distinktiese systroom binne, en later ook buite, die NP geword. Hoewel hierdie bewegings nie daarin kon slaag om noemenswaardige steun van die NP weg te trek nie, het die ultrakonserwatiewe faksie as volwaardige regse groepering politieke gestalte gekry.<sup>11</sup>

Die dekolonisasie en onafhanklikwording van 17 Afrikastate in 1960, het verreikende implikasies vir beide wit-swart-verhoudinge elders op die kontinent en veral rasseverhoudinge op eie bodem ingehou. As gevolg van die verwesenliking van swart aspirasies noord van die Limpopo, het daar groeiende ontevredenheid onder swartes in Suid-Afrika ontstaan omdat hulle nie ook deel van die bevrydingsproses uitgemaak het nie. Verwoerd se visie van die tuislande as volkome onafhanklike state wat die swartes se politieke aspirasies moes akkommodeer, lewer bewys van die feit dat swart nasionalisme hom nie onkant betrap het nie. Trouens, hy het die tuislandbeleid as ’n vorm van dekolonisasie gesien. Die vraag is egter: Het Verwoerd nie die bevryding van Afrika verkeerd verstaan nie? Verwoerd het Suid-Afrika as ’n sogenaamde “bolwerk van die Weste” in Afrika gesien. Hierteenoor het die destydse Britse eerste minister, Harold McMillan, tydens sy besoek aan Suid-Afrika in Februarie 1960, gewys op die krag van opkomende swart nasionalisme en die gevolge daarvan vir die blanke inwoners van Suid-Afrika. Dit was duidelik dat Brittanje nou kant gekies het vir die kragte van swart nasionalisme en dus téén apartheid.<sup>12</sup>

Ten spyte van Verwoerd se pogings om blanke gemoedere te kalmeer, het McMillan se uitsprake skokgolwe deur blanke geleedere in Suid-Afrika gestuur. Dit was nie soseer die inhoud van McMillan se toespraak wat blanke vrese aangewakker het nie, maar wel die ontnugterende besef dat hulle die fokuspunt geword het van die vyandskap van die internasionale gemeenskap in die breë, en van swart nasionalisme in die besonder. Hierdie besef het die blankes, en veral diegene wat tot nog toe ’n onverskillige houding teenoor Afrika en swart nasionalisme geopenbaar het, by implikasie voor ’n keuse gestel: pas aan of sterf. ’n Groot aantal blankes het besluit om tog hul politieke standpunte te wysig, en wel meestal na regs.

11 JA du Pisani, *John Vorster en die verlig-verkramptryd* (Bloemfontein, 1988), p. 5; *Konserwatisme roep u!* (pamflet, Pretoria, 1965), pp. 1-3.

12 H Giliomee, *The Afrikaners: biography of a people* (Kaapstad, 2003), p. 521; O Geyser, *Watershed for South Africa: London, 1961* (Durban, 1983), pp. 58-60; Onderhoud: A Boshof, Pretoria, 23 Maart 1992; *The Union and the emergent states of Africa* (pamflet, Johannesburg, 1959), pp. 3-15.

Hierdie gesindheidsverandering was veral te bespeur in die beduidende getalle Engelssprekendes wat ná Februarie 1960 die Verenigde Party (VP) vir die NP verruil het – ’n tendens wat nie net die VP geknou het nie, maar boonop verhaas is deur die ingrypende politieke gebeure van kort daarna. Die verwerkliking van ’n nuwe Afrika-realiteit was dus besig om versterkend op die regse politieke houding – gematig én ultrakonserwatief – in te werk.<sup>13</sup>

### 3. SHARPEVILLE 1960

Asof in antwoord op die gebeure in die noorde, is die gang van die Suid-Afrikaanse geskiedenis beïnvloed deur die Sharpeville-voorval van 21 Maart 1960. Hierdie insident is egter voorafgegaan deur verwickelinge in die swart politiek wat eweneens as dramaties beskryf kan word.<sup>14</sup>

In die laat vyftigerjare was daar binne die ANC tekens van groeiende verset by ’n groep wat dié organisasie as te gematig beskou het en ten gunste was van meer drastiese optrede teen die apartheidsbewind. Hierdie groep het in 1959 van die ANC weggebreek en die Pan Africanist Congress (PAC) onder leiding van Robert Sobukwe gevorm. Benewens ideologiese verskille, het die gematigdes in die ANC ook verskil van die nuwe radikale element in dié opsig dat eersgenoemde begrip getoon het vir blanke vrese. Dít is betekenisvol, aangesien hierdie bewustheid in die ANC die organisasie se aanvanklike houding en optrede teen die apartheidsregering beïnvloed het. In hierdie opsig kan gewys word op die relatief gematigde strategie van lydelike verset wat swart protesoptrede in die vyftigerjare gekenmerk het. Die invloed van blanke vrese het dus verder gestrek as die blanke politiek self – ’n kwessie wat ook in die beskouing van swart politieke houdings ná 1960 nie uit die oog verloor moet word nie.<sup>15</sup>

Dit was gou duidelik dat die wegbreek van die radikale faksie van die ANC ’n strategiese wending in die patroon van swart verset gebring het. Naas die onluste wat sporadies begin opvlam het, het die PAC swart mense aangemoedig om hul by polisiestasies aan te meld vir vrywillige arrestasie weens hul weiering om pasboeke te dra. Toe meer as 20 000 swart betogers op 21 Maart 1960 by die polisiestasie in Sharpeville opdaag en ’n dreigende houding inneem, het die blanke polisie

---

13 Giliomee, p. 252; Geyser, pp. 60-63; WH Vatcher, *White laager: the rise of Afrikaner nationalism* (Londen, 1965), p. 178; D Harrison, *The white tribe of Africa: South Africa in perspective* (Johannesburg, 1987), pp. 161-163.

14 ES Munger, *Afrikaner and African nationalism* (Londen, 1967), p. 7.

15 T Karis en GM Carter (reds.), *From protest to challenge: a documentary history of African politics in South Africa 3: 1882-1964* (Stanford, 1987), pp. 307-314; F Meli, *A history of the ANC: South Africa belongs to us* (Harare, 1988), pp. 137-140; Ballinger, p. 420.

vuurwapens gebruik om die skare uiteen te jaag.<sup>16</sup> In reaksie op die lewensverlies (69 swart mense is gedood en talle beseer) het verdere onluste, stakings en massa-betogings in onder meer Langa en Kaapstad gevolg. Ten spyte van die wêreldwye protes, het die NP-regering teruggedraan met grootskaalse inhegtenisnemings van opstokers, die uitroep van ’n noodtoestand in 80 landdrosdistrikte en die aanvaarding van die Wet op Onwettige Organisasies (Wet 34 van 1960)<sup>17</sup> wat die regering in staat gestel het om die ANC en PAC as verbode te verklaar.<sup>18</sup>

Hoewel die regering se stappe blykbaar die gewenste uitwerking gehad het, het die gebeure die blankes nie onaangeraak gelaat nie. Nie net is die NP-regering tydelik in ’n politieke krisis gedompel vanweë die vloedgolf kritiek vanuit oorsese en plaaslike oorde nie, maar die vlakke van politieke onsekerheid en vrees onder Afrikaans- en Engelssprekende blankes is verhoog. In hierdie opsig kan gewys word op die mate waarin blankes in veral die Kaapse Skiereiland en die Witwatersrand, waar die versetaksies op hul felste was, se veiligheidsvrese geïntensiveer is. Die massabetogings van swartes op ’n skaal tot nog toe onbekend aan blankes, het hier ’n belangrike rol gespeel. ’n Toenemend sigbare bedreiging het blankes se persepsies van die “swart gevaar” as ’n fisiese bedreiging versterk.<sup>19</sup> Berigte in Afrikaans- en Engelstalige dagblaie oor paniekbevange blankes (meestal Afrikaanssprekendes) wat op wapenhandelaars toegesak het<sup>20</sup> en voornemende emigrante (meestal Engelssprekendes) wat Westerse ambassades oorval het met navrae oor emigrasie, lewer bewys hiervan.<sup>21</sup>

Blanke Suid-Afrikaners se ervaring van Sharpeville en die gepaardgaande politieke onrus is belangrik in terme van die ontwikkeling van die vreeslyn. Daar kan met reg aangevoer word dat blankes die Sharpeville-insident as ’n potensiële rewolusie beleef het. Let veral op die stedelike blankes se angstige reaksie op die gebeure en die regering se aanwending van die veiligheidsmagte buite verhouding tot die omvang van die bedreiging. Voeg daarby die pogings wat die NP aangewend het om op militêre terrein en ten opsigte van propaganda teenrevolusionêre weerstand te

16 Vir meer besonderhede, sien H Holland, *The struggle: a history of the African National Congress* (Londen, 1989), pp. 118-122; Karis en Carter 3, pp. 329-335; Meli, p. 140.

17 Unie van Suid-Afrika, *Wette van die Unie van Suid-Afrika: 1960* (Kaapstad, 1960), pp. 408-410; Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad 104: 8 April 1960* (Kaapstad, 1960), kol. 5307-5308.

18 Karis en Carter 3, pp. 335-341; *The Friend*, 23 Maart 1960, p. 6; *Rand Daily Mail*, 26 Maart 1960, p. 9; Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad 104: 30 Maart 1960* (Kaapstad, 1960), kol. 4516-4517.

19 Ballinger, pp. 428-433; Karis en Carter 3, pp. 335-343; T Heard, *The Cape of storms* (Johannesburg, 1990), pp. 3-12, 86-87.

20 *Die Burger*, 25 Maart 1960, p. 1; *The Cape Times*, 25 Maart 1960, p. 13; *Die Vaderland*, 23 Maart 1960, p. 2.

21 *Rand Daily Mail*, 24 Maart 1960, p. 3; *The Star*, 31 Maart 1960, p. 12; *Die Vaderland*, 25 Maart 1960, p. 5.

bied. Hierdie reaksie, veral die uitroep van 'n noodtoestand en die daaropvolgende arrestasies, het duidelik gespruit uit vrees en selfs paniek, en nie nugtere beredenering nie.<sup>22</sup>

#### 4. DIE BELGIESE KONGO 1960

Die kort- en langtermyn effek wat Sharpeville op blanke politieke houdings gehad het, moet in samehang met die gebeure in die Belgiese Kongo (vandag die Demokratiese Republiek van die Kongo) enkele maande later gesien word.<sup>23</sup> Hoewel daar geen direkte verband tussen laasgenoemde en Sharpeville vasgestel kan word nie, is die gesamentlike effek van intern- en ekstern-gegeneerde vrese op blanke gesindhede hier van belang. Dit kom daarop neer dat die gekombineerde uitwerking van interne en eksterne gebeure kumulatief-versterkend op bepaalde politieke houdings ingewerk het. Ten einde dus te begryp waarom blankes ná 1960 nie net verder na regs nie, maar ook na links gedwing is, word die gebeure in die Kongo vervolgens kortliks bespreek.<sup>24</sup>

Hoewel die onafhanklikheidswording van die meerderheid Afrika-kolonies in 1960 betreklik vreedsaam verloop het, het gebeure in die Belgiese Kongo 'n skadu oor die dekolonisasieproses gewerp. Enkele dae nadat die Kongo op 30 Junie 1960 sy onafhanklikheid van België ontvang het, het lede van dié voormalige kolonie se inheemse swart weermag, die Force Publique, teen hul blanke offisiere in opstand gekom en uit weerwraak blindelings strooptogte onderneem. Die gevolg van hierdie plunderaksies was dat verskeie dorpe en stede in chaos gedompel is. 'n Groot persentasie van die geweldpleging, waaronder moord, roof en verkragting, was teen blankes gemik.<sup>25</sup> Hierdie gewelddadigheid het wye dekking in die Suid-Afrikaanse media geniet. Die volgende hoofopskrif (kursief gedruk) en uittreksel uit 'n Afrikaanse dagblad is tiperend van die algemene strekking van beriggewing: “*Anti-wit opstand in Kongo: leër stort in duie, blankes verskans in hul huise*. Die smeulende anti-blanke gevoel het gister in die Kongo uitgebars. Nadat die Kongolese leër teen sy Belgiese offisiere begin muit het, is verskeie blankes in Leopoldstad gemolesteer. Soldate het deur die stad gemarsjeer en ‘weg met die blankes’ geskreu.”<sup>26</sup>

---

22 Karis en Carter 3, p. 342; *New nation, new history* (Johannesburg, 1989), p. 82; Ballinger, pp. 431-433; *Rand Daily Mail*, 30 Maart 1960, p. 2; *The Star*, 30 Maart 1960, p. 1.

23 Vergelyk ook in dié verband die gekombineerde effek van die Mau-Mau-opstand in Kenia en die ANC se Defiance Campaign van die vyftigerjare.

24 PJ Hugo en H Kotzé, *Suid-Afrika: oorlewing in politieke perspektief* (Kaapstad, 1978), p. 12; Onderhoud PJ Hugo, Pretoria, 27 November 1991.

25 J Cameron, *The African revolution* (Londen, 1961), p. 53; SJG Clarke, *The Congo mercenary: a history and analysis* (Johannesburg, 1968), pp. 16-19; S Hempstone, *Katanga report* (Londen, 1962), pp. 93-96; MN Hennessy, *Congo* (Londen, 1961), pp. 90-96.

26 *Die Burger*, 7 Julie 1960, p. 1.

Let ook op die volgende hoofopskrifte: “Swart skrikbewind in Leopoldstad – chaos, droewige tonele terwyl blankes vlug”;<sup>27</sup> “Vroue en kinders vlug uit Kongo – hordes natuurlike rand blanke vroue aan”;<sup>28</sup> “Geweld versprei in die Kongo – vlug van vreesbevange blankes duur onverpoosd voort”;<sup>29</sup> “Duisende blankes vlug – kinders en vroue onder koeëls”;<sup>30</sup> “Congo whites flee – and police rebel”;<sup>31</sup> “Congo waits tensely: no whites in city”;<sup>32</sup> “Refugees in flight: thousands move to the south.”<sup>33</sup>

Dit is opvallend dat daar prominensie verleen is aan die feit dat blank-beheerde suidelike Afrika, en spesifiek Suid-Afrika, vir baie vlugtelingse ’n toevlugsoord was. Vergelyk in dié verband: “Groot stroom vlugtelingse in Unie verwag”<sup>34</sup> en “Union opens doors and arms to refugees”.<sup>35</sup> Daar is ook gewag gemaak van Brittanje en ander Westerse lande se klaarblyklike onverskillige houding jeens die blanke Kongolese. Onder die opskrif “Angswekkende gedagte vir Afrika-witmense”<sup>36</sup> het *Die Volksblad* sy lesers gewys op die feit dat blankes in Afrika alleen staan en nie meer op die steun van Westerse lande kon reken nie. Op grond van die algemene strekking van beriggewing oor die Kongo-gebeure lyk dit of veral Afrikaanse koerante tot die gevolgtrekking gekom het dat die Kongo opnuut ’n bewys was van die dwaasheid van integrasie as ’n oplossing vir Suid- Afrika se rasse-probleem en ook dat blankes voortaan nie meer op die steun en simpatie van Westerse lande sou kon reken nie. Daar is ook gewys op die gevaar van die kommunisme wat gereed was om die vakuum wat deur die Weste se onttrekking gelaat is, te vul.<sup>37</sup>

Die koerante se siening het grootliks die sentimente van blankes in Suid-Afrika weerspieël. Die effek wat die Kongo-gebeure op die blanke psige gehad het, was tweërlei van aard: eerstens is blanke vrese opnuut aangewakker, en tweedens het dit anti-liberalistiese (lees: regse) sentimente versterk.

Ten opsigte van die vreesfaktor moet veral gelet word op twee sake wat blankes se siening van die gebeure in die Kongo gekleur het. In die eerste plek het die gebeure bewys dat swart nasionalisme nie bereid was om enige vorm van

---

27 *Ibid.*, 9 Julie 1960, p. 1.

28 *Die Volksblad*, 8 Julie 1960, p. 1.

29 *Die Vaderland*, 11 Julie 1960, p. 1.

30 *Die Transvaler*, 9 Julie 1960, p. 1.

31 *The Friend*, 8 Julie 1960, p. 1.

32 *The Star*, 7 Julie 1960, p. 1.

33 *Ibid.*, 12 Julie 1960, p. 1.

34 *Die Burger*, 13 Julie 1960, p. 7.

35 *The Friend*, 14 Julie 1960, p. 1.

36 *Die Volksblad*, 20 Julie 1960, p. 3.

37 Onderhoud PJ Hugo, Pretoria, 27 November 1991; HJMM van der Merwe, *Segregeer of sterf* (Johannesburg, 1961), pp. 110-112; HM Bate, *South Africa without prejudice* (Londen, 1956), pp. 78-80; Hennessy, p. 106.



vennootskap met blankes te verdra nie, en in die tweede plek het blankes besef dat hulle nie soos ander blankes wat uit Afrika gesit is, na België of elders kon vlug nie. Vir die meerderheid blankes het dr. Verwoerd se idee dat die finale antwoord op Suid-Afrika se rasseprobleem daarin gelê het dat die blankes meester in hul eie gebied moes bly, terwyl die swartes toegelaat moes word om dieselfde in hul gebiede te doen, na die aangewese oplossing gelyk.<sup>38</sup>

'n Belangrike politieke nuwe-effek van die gebeure in die swart politiek binne en buite Suid-Afrika in die vroeë sestigerjare was die duidelike neiging na regs in die blanke politiek. Die oorgrote meerderheid blankes het negatief op die (bogenoemde) gebeure gereageer in die sin dat dit nie slegs hul vrese versterk het nie, maar hul ook die gewaande veiligheid van ideologiese laers laat opsoek het. Die gebeure in die swart politiek het dus nie net premier Verwoerd se hand gesterk nie, maar opnuut legitimiteit aan sy afsonderlike ontwikkelingsdogma verleen. In ultrakonserwatiewe kringe, veral wat betref die anti-Bantoetuislandgroepe, is daar selfs voorspraak gemaak vir bykomende apartheidsmaatreëls – 'n sentiment wat grootliks in reaksionêre terme gedefinieer kan word.<sup>39</sup>

Hoewel daar aangevoer kan word dat die gesindheidsverandering in blanke geleedere nou saamgehang het met 'n selfbeveiligingsmotief, was dit in die meeste gevalle nie 'n tydelike vreesreaksie nie. Die meerderheid blankes wat óf die VP vir die NP verruil het óf selfs die NP se beleidsrigting as te “liberaal” begin beskou het en dus nog verder na regs geneig het, het klaarblyklik nie weer na hul politieke tuistes teruggekeer nie. Hierdie tendens is bevestig deur die NP se vertoning in die 1961-verkieping toe die party vir die eerste keer ten opsigte van die getal uitgebragte stemme 'n meerderheidsparty geword het. Die NP het 105 setels verower en die VP het teruggesak na 49.<sup>40</sup> Dit ly geen twyfel nie dat die Engelssprekendes wat in toenemende getalle vir die NP gestem het, 'n belangrike aandeel in die party se groei gehad het. In die lig van die feit dat vrees ook 'n belangrike rede was vir die neiging na regs onder Engelssprekende blankes, behoort daar dus sterker klem geplaas te word op die rol wat vrees as faktor in die breë blanke politiek begin speel het.<sup>41</sup>

38 Onderhoud PJ Hugo, Pretoria, 27 November 1991; Onderhoud CP de Kock, Pretoria, 27 November 1991; Onderhoud NJ Rhodie, Pretoria, 15 Julie 1992; BM Schoeman, *Van Malan tot Verwoerd* (Kaapstad, 1973), p. 196; Hennessy, p. 106.

39 Giliomee, p. 524; Ballinger, pp. 431-433; Onderhoud A Boshoff, Pretoria, 23 Maart 1992; Onderhoud CWH Boshoff, Pretoria, 23 Maart 1992; Onderhoud CP de Kock, Pretoria, 27 November 1991; Onderhoud PJ Hugo, Pretoria, 27 November 1991; Onderhoud NJ Rhodie, Pretoria, 15 Julie 1992; Onderhoud AP Treurnicht, Pretoria, 13 Julie 1992.

40 Du Pisani, p. 5; WA Kleynhans, *SA algemene verkiesingsmanifeste, 1910-1981* (Pretoria, 1987), p. 401; BM Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika, 1910-1976* (Pretoria, 1977), pp. 374-375, 405.

41 HIJ van der Spuy en DAF Shamley, *The psychology of apartheid: a psychosocial perspective on South Africa* (Washington D.C., 1978), p. 29; G Farmer, “For the Afrikaners, 300 years of build-up to bitter dilemma”, *Life* 48, 11 April 1960, p. 37; RM Segal, “The heart of darkness”, *Africa South* 5(1), Oktober-Desember 1960, pp. 1-5.

Die argument ten gunste van die versterking van 'n regse politieke houding onder blankes moet ook die neiging wat terselfdertyd na links ingetree het, verreken. 'n Invloedryke groep Afrikaner-intellektuele, -skrywers, -besigheidslui en -politici, waaronder Piet Cillilié, NP van Wyk Louw, Anton Rupert en Paul Sauer, het duidelik anders as die meeste van hul volksgenote op sowel die Sharpeville-insident as die gebeure in die Kongo gereageer. Deur nugter en realisties na verwickelinge in die swart politiek te kyk, het hulle die noodsaaklikheid dat veral die Afrikaner tot 'n vergelyk moes kom met die kragte wat op die Afrika-kontinent losgelaat is, ingesien. Die besef dat Verwoerd nie die geskiedenis korrek geïnterpreteer het nie en dat sy koloniale konsep van aparte ontwikkeling nie meer lewensvatbaar was nie, het weldra by hierdie mense posgevat. Nie selfbeveiliging nie, maar eerder die vrees vir dreigende internasionale isolasie en die moontlikheid van 'n interne swart revolusie was 'n belangrike dryfkrag agter hierdie nuwe verligte beweging.<sup>42</sup>

Die betekenis van die neiging na links in die blanke politieke denke is geleë in die feit dat dit 'n vroeë teken was van 'n verdeling tussen 'n sogenaamd verligte denkgroep en 'n ultrakonserwatiewe denkgroep binne die kader van die NP. Hierdie verdeling sou mettertyd verdiep namate lede van die regse denkstroom toenemend bedreig begin voel het deur die opkoms van die liberale denkrigting in eie geleedere. By implikasie het die opkoms van die verligte beweging nie net die vrees in konserwatiewe kringe verskerp nie, maar ook die neiging na regs verder gestimuleer.<sup>43</sup>

## 5. VAN VREEDSAME VERSET NA GEWAPENDE VERSET: DIE ANC EN BLANKE VRESE NÁ 1960

Die sukses waarmee die regering die interne swart opstand onderdruk het, het nie net kiesersvertroue in die NP herstel nie, maar ook blanke vrese oënskynlik besweer. Vanweë die feit dat die ANC en PAC tot verbode organisasies verklaar is, is die “swart gevaar” – hoewel steeds aanwesig – ten minste uit die blanke openbare oog verwyder. Deur middel van kragdadige regering kon premier Verwoerd skynbaar daarin slaag om blanke vrese te verminder, maar in 'n sekere sin is die vreesbewustheid onder blankes tog onaangetas gelaat. As gevolg van die ontwikkeling van die vreeslyn<sup>44</sup> was hierdie bewustheid toe reeds permanent in die blanke psige ingebed, met slegs 'n periodieke wisseling in intensiteit na gelang van die aanwesigheid van stimuli al dan

42 Giliomee, pp. 522-523; B Sachs, *The road to Sharpeville* (Londen, 1961), pp. 50-52; B Lapping, *Apartheid: a history* (Londen, 1986), pp. 139-140; Onderhoud JA Marais, Pretoria, 25 November 1991; Onderhoud NJ Rhoadie, Pretoria, 15 Julie 1992; Onderhoud FA van Jaarsveld, Pretoria, 23 Maart 1992.

43 Du Pisani, pp. 4-13; Giliomee, pp. 547-550; Onderhoud NJ Rhoadie, Pretoria, 15 Julie 1992.

44 Vir meer besonderhede oor die aard en ontwikkeling van die vreeslyn in die blanke politiek sedert 1652, sien Du Bruyn en Wessels, pp. 78-94.

nie. In die lig hiervan kan daar dus gevra word in watter mate die ANC, wat ná 1960 sy strategie van lydelike verset vervang het met 'n strategie van gewapende verset, se sabotasie-aanslag van die vroeë sestigerjare wel blanke vrese versterk het.<sup>45</sup>

Ten einde 'n argument ten gunste van die versterking van sowel regse sentiment as breë blanke vrese ná 1960 uit te maak, behoort die meer as 200 dade van sabotasie wat in die tydperk 1961 tot 1963 deur die ANC se nuutgestigte militêre vleuel, Umkhonto weSizwe (MK), gepleeg is, gesien te word in samehang met die Rivonia-verhoor van Oktober 1963 tot Junie 1964. Hierdie verhoor het gevolg op die inhegtenisname van 17 prominente lede van MK se sogenaamde National High Command op aanklagte van beweerde pogings om die staat omver te werp.<sup>46</sup> Blankes het hiermee vir die eerste keer met die besef te kampe gekry dat omvangryke en georganiseerde opposisie teen die minderheidsregering besig was om in swart geleedere beslag te kry. Hierdie besef het blankes se veiligheidsvrese ongetwyfeld verhewig.<sup>47</sup> In sy toespraak op die dag van sy vonnisoplegging het een van die beskuldigdes, Nelson Mandela, blankes se vrese soos volg verwoord: "Above all we want equal political rights because without them our disability will be permanent. I know this sounds revolutionary to whites in the country, because the majority of the voters will be Africans. This makes the white man fear democracy. But this fear cannot be allowed to stand in the way of the solution which will guarantee racial harmony and freedom for all."<sup>48</sup> As gevolg van die optrede van Verwoerd se veiligheidsmagte was blanke heerskappy in die RSA teen die middel van die sestigerjare oënskynlik verseker, en is swart nasionaliste uit die samelewing verwyder en die swye opgelê. Die kritiese debat oor die land se toekoms is egter sowel buite as binne die land voortgesit – iets wat met verloop van tyd óf vrese kon besweer óf kon aanblaas, en tot veranderinge kon aanleiding gee.

## 6. DIE BEGIN VAN DIE VORSTER-TYDPERK: TEKENS VAN KRAKE IN AFRIKANER-EENHEID

Die sluipmoord op dr. Verwoerd op 6 September 1966 word allerweë beskou as die einde van 'n era in die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis. Dit was die era waarin die Afrikaner die hoogtepunt van politieke mag bereik het en soos nooit tevore nie op etniese grondslag gekonsolideer het. Dit was egter terselfdertyd 'n era waarin die

---

45 Karis en Carter 3, p. 647; Harrison, p. 165; Lapping, p. 141; Onderhoud CP de Kock, Pretoria, 27 November 1991; Onderhoud FA van Jaarsveld, Pretoria, 23 Maart 1992.

46 Karis en Carter 3, pp. 647-648, 658-659, 673-678, 682-684; Holland, pp. 132-136, 150-155; T Lodge, *Black politics in South Africa since 1945* (Johannesburg, 1983), pp. 233-238; Meli, pp. 145-160.

47 G Farmer, "Gun buyers; worried world", *Life* 48, 11 April 1960, p. 38; P Smit, "Vroue gryp die roer", *Die Huisgenoot*, 23 September 1990, p. 24; Harrison, p. 219.

48 Mandela, soos aangehaal in Holland, p. 157.

Afrikaner se verhouding met swart mense toenemend in terme van vrees en konflik omskryf is. Hierdie toedrag van sake het in 'n groot mate reeds die rigting bepaal waarin blanke politieke houdings sou ontwikkel toe BJ Vorster as die nuwe eerste minister van die land aangewys is.<sup>49</sup>

Getrou aan die apartheidsdogma, het premier Vorster voortgegaan op die weg wat Verwoerd ingeslaan het. Vorster se taak is aansienlik vergemaklik deur faktore soos die ekonomiese voorspoed wat Suid-Afrika in daardie stadium beleef het, die mate waarin die swart rewolusionêre versetbeweging onder beheer gebring is en die beter verstandhouding wat veral ná republiekwording tussen Afrikaans- en Engels-sprekendes ontwikkel het. Die NP se vertoning in die 1966-verkieping, toe die party 126 uit die 170 setels verower het, teenoor die kwynende VP se 39,<sup>50</sup> het daarop gedui dat die neiging tot konsolidasie van blankes as groep, op etniese sowel as politieke gronde, geskied het. Te oordeel aan die swak vertoning van die VP, wil dit voorkom of blankes toenemend onverdraagsaam teenoor die meer progressiewe beleidsrigting van die VP gestaan het en al sterker na regs begin neig het.<sup>51</sup>

Hoewel vrees as faktor 'n minder prominente rol in die laat sestigerjare gespeel het as in die sewentigerjare, kan die rol wat dit wel gespeel het, nie geïgnoreer word nie. Blanke vrese is onder meer lewend gehou deur die volgende faktore: die binnekoms van heelwat blankes uit Afrika; die onverbiddelike houding van Brittanje teenoor die blankes in die voormalige Suid-Rhodesië (tans Zimbabwe), wat onder leiding van mnr. Ian Smith op 11 November 1965 eensydig onafhanklik geword het,<sup>52</sup> en in ander Afrikastate, soos Kenia, Uganda en Zambië; die politieke verwickelinge in sommige van die Afrikastate en die gevolge wat dit vir die blanke minderhede daar gehad het; die dreigende gevaar van die kommunistiese invloed in Afrika; die houding van die Verenigde Nasies (VN) oor die Suidwes-Afrika-kwessie;<sup>53</sup> en die vyandige houding van die Afro-Asiatiese lande teenoor Suid-Afrika. Die gevolg hiervan was dat 'n inklusiewe groepsolidariteit oor taalgrense heen in die hand gewerk is.<sup>54</sup>

49 J Botha, *Verwoerd is dead* (Kaapstad, 1967), p. 91; BM Schoeman, *Die sluipmoord op dr. Verwoerd* (Pretoria, 1975), pp. 12-19.

50 Kleynhans, p. 405; Schoeman, *Parlementêre verkiesings*, pp. 411-414, 438.

51 Du Pisani, p. 25; Munger, pp. 59-60, 70-71, 75.

52 Vergelyk ook in dié verband die huidige (2007) Mugabe-regering se omstrede grondhervormings- en nasionaliseringsprogramme in Zimbabwe sedert 2000 en die versterkende invloed daarvan op blanke vrese in Suid-Afrika.

53 Ná 1960 het Suid-Afrika se aanspraak op Suidwes-Afrika (Namibië) toenemend in die spervuur gekom. In 1966 het Ethiopië en Liberië Suid-Afrika se aanspraak in die Wêreldhof betwis. Hoewel die uitspraak in Suid-Afrika se guns beklink is, het die VN sy teenstand teen Suid-Afrika se voortgesette administrasie van die gebied verskerp.

54 FA van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot PW Botha* (Johannesburg, 1982), p. 541; Munger, pp. 71-74; LE Neame, *The history of apartheid: the story of the colour war in South Africa* (Londen, 1962), p. 172; RA Oliver en A Atmore, *Africa since 1800* (Cambridge, 1974), p. 263.

Een van die uitvloeisels van die neiging tot konsolidasie in breë blanke geleedere was dat die ou politieke verdeling wat grootliks langs taalgrense geloop het, al sterker oorgegaan het tot 'n indeling volgens opponerende ideologiese oortuigings, naamlik liberalisme versus konserwatisme. Hierdie verdeling, wat soos reeds genoem sy oorsprong in die vroeë sestigerjare onder die Verwoerd-bewind gehad het, het veral ná die verkiesing van 1966 verskerp. Die anti-Bantoetuislandgroepe het weens hul onvermoë om die NP-leiding na hul standpunt oor te haal, besluit om die NP te verlaat en 'n eie party, die Republiek Party onder leiding van prof. CF van der Merwe, te vorm. Dié party het egter na sy powere vertoning in die verkiesing van 1966 van die toneel verdwyn.<sup>55</sup>

In teenstelling met die Republiek Party, het die ultrakonserwatiewe faksie wat in die vroeë sestigerjare geleidelik onder aanvoering van die minister van Pos- en Telegraafwese en van Gesondheid, dr. Albert Hertzog, gestalte begin kry het, oor meer groeipotensiaal beskik. Hertzog het besondere status in die NP gehad en sy verregse politieke filosofie het wye publisiteit geniet. 'n Element van rassisme sowel as die vrees vir rasse-oorheersing en die verlies van 'n eie identiteit, het vanuit die staanspoor 'n belangrike rol in die denke van die Hertzog-faksie gespeel. Terwyl Hertzog aan die een kant 'n onverbiddelike voorstander van blanke baaskap en Afrikaner-eksklusiwiteit was, was hy aan die ander kant bevrees dat die “kapitaliste” en “liberaliste” integrasie en swart oorheersing in Suid-Afrika wou bewerkstellig. Gevolglik is daar skerp kritiek uitgespreek teen die NP se tuislandbeleid, immigrasieskemas en Engels-Afrikaanse samewerking. Met premier Vorster se bewindsaanvaarding het daar opnuut 'n fluisterveldtog ontstaan dat die NP-leiding sterker deur die liberaliste beïnvloed sou word en dat die party van sy tradisionele beleid, naamlik doktrinêre apartheid, begin afwyk het.<sup>56</sup>

Die verskerpte aanslag wat die Vorster-regering ná 1966 uit verregse geleedere beleef het, moet gesien word in die lig van Vorster se meer pragmatiese benadering tot die politiek. Veranderende omstandighede in die internasionale politiek het hom genoodsaak om NP-beleid in 'n mate daarby aan te pas. Die toenemende diplomatieke isolasie van die RSA en binnelandse ontevredenheid met blanke oorheersing het Vorster met nuwe oë na Afrika, en in die besonder Suid-Afrika se posisie as Afrikastaat, laat kyk. Terwyl hierdie houdingsverandering in die meer verligte NP-kringe verwelkom is, is dit in ultraregse geleedere teengestaan. Hoewel die NP steeds in wese 'n regse party was, het Vorster se beleidsaanpassings – die sogenaamde “verliberalisering” van apartheid – noodwendig meegebring dat die verdelingslyne tussen die ultrakonserwatiewe of regse Afrikaner en die meer verligte Afrikaner

55 Du Pisani, pp. 3-5; FA van Jaarsveld, *Afrikaner: quo vadis?* (Johannesburg, 1971), p. 118; A du Toit, “Afrikaner crisis”, *Frontline* 25, April 1982, p. 28.

56 Du Pisani, pp. 7-9; JHP Serfontein, *Die verkrampte aanslag* (Kaapstad, 1970), pp. 22-27; Giliomee, pp. 557-558; Schoeman, *Van Malan...*, pp. 70-85.

skerper getrek is. Hierdie groeiende ideologiese verwydering tussen links en regs sou uiteindelik uitloop op 'n skeuring na regs in die NP en die totstandkoming van die Herstigte Nasionale Party (HNP) as die land se eerste volwaardige regse politieke party in 1969. Hiermee het die era van volwaardige regse politieke partye 'n aanvang geneem.<sup>57</sup>

## 7. SLOTPERSPEKTIEF

Die Verwoerd-era word allerweë beskou as die tydperk waartydens die Afrikaner die hoogtepunt van sy politieke mag bereik het. Dit was die tydperk waartydens die Afrikanervolk as 't ware tot staat omvorm is. Dit was egter ook die era waartydens die Afrikaner se verhoudinge met diegene wat hom bedreig het, toenemend in terme van konflik en vrees omskryf is. Hierdie werklikheid het in 'n mindere of meerdere mate die vloei en ontwikkeling van beide die vrees- en regse lyne in die blanke politiek beïnvloed.

Verwoerd het as staatshoof die oorlewing en voortbestaan van die Afrikaner as etniese groep vooropgestel en waarskynlik meer as enige ander Afrikanerleier gedoen om dit te probeer verseker. By wyse van die grandiose tuisland-idee en republiekwording in 1961 het die Afrikaner simboliese oorwinnings behaal oor diegene wat hom bedreig het: die swartes met hul getaloorwig en koloniale Brittanje. Teen hierdie agtergrond sou daar dus geredeneer kon word dat blanke vrese grootliks "besweer" is en daarom as politieke faktor van mindere belang sou wees. Op grond van die argument dat apartheid in wese 'n beleid was wat blanke vrese moes besweer, was dit oënskynlik in hierdie opsig suksesvol. Maar apartheid en die daarmee gepaardgaande tuislandbeleid het nie rekening gehou met die groeiende politieke aspirasies van swart mense binne sowel as buite die grense van die Republiek nie. Ná 1960 sou gebeure in die plaaslike swart politiek, sowel as in die voormalige Afrika-kolonies, blanke oorlewing opnuut bedreig. Hierdie kombinasie van interne gebeure (vergelyk die Sharpeville-insident) en eksterne gebeure (vergelyk die Belgiese Kongo) het nie net blanke vrese verhewig nie, maar het ook die regse politieke houding onder blankes versterk.

Bogenoemde aanname word gesteun deur twee betekenisvolle verwickelinge in die blanke politiek gedurende die Verwoerd-era: eerstens die toenemende getalle Engelssprekende blankes wat vir die NP begin stem het en die gepaardgaande agteruitgang van die VP, en tweedens die verlig-verkramp spanning binne die NP wat 'n hoogtepunt bereik het ná Vorster se bewindsaanvaarding. Hierdie tendense is betekenisvol, want dit staan in die teken van die groei van die regse sentiment

<sup>57</sup> Giliomee, pp. 557-558; FA van Jaarsveld, *Die evolusie van apartheid en ander geskiedkundige opstelle* (Kaapstad, 1979), pp. 16-17; FA van Jaarsveld, "Die Afrikanerdom: 'n histories-vertraagde volk – weg en selfbegrip", *Historia* 31(2), September 1985, p. 26.

onder blankes in die algemeen, en die gevolglike groepskonsolidasie oor taalgrense heen. Daar kan dus met reg gevra word of apartheid en die tuisland-idee wel blanke vrese besweer het en of sodanige vrese nie maar net onder die oppervlak gedwing is nie deur 'n leier in die persoon van Verwoerd, wat met kragdadige leiding grootliks daarin kon slaag om blankes gerus te stel.

BJ Vorster se bewindsaanvaarding het 'n nuwe era in die geskiedenis van beide die regse en vreespolitiek ingelui. Noodgedwonge aanpassings ten opsigte van die apartheidsbeleid het nie by almal in die NP byval gevind nie. Die ultra-konserwatiewe faksie binne die NP het 'n onafgewaterde apartheidsbeleid as 'n noodsaaklike voorwaarde vir blanke oorlewing gesien en die streng Verwoerdiaanse vertolking en toepassing daarvan was vir hulle ononderhandelbaar. Die kloof tussen verligtes en verkramptes het gevolglik vergroot en wel in so 'n mate dat dit gelei het tot die stigting van die HNP. Regse blankes het nou 'n amptelike spreekbuis gekry. Die regse stroom sou nou sterker begin vloei en daardeur 'n nuwe dimensie aan die breë blanke politiek verleen. Gevolglik was daar nou 'n politieke party *regs* van die NP. 'n Mengsel van vrees en rasse-vooroordeel het sentimente en houdings in die regse kamp gekleur, en diegene wat hul daar tuisgevoel het, sou mettertyd 'n unieke stempel op die plaaslike politiek afdruk.

Die tydperk 1958 tot 1969 was dus inderdaad deurslaggewend vir die vestiging van die apartheidstaat, maar – ironies genoeg – ook vir die latere ondermyning en omverwerping daarvan. Organisasies soos die ANC en PAC is op grond van blanke vrese verban, maar het hul bedrywigheede ondergronds voortgesit en meer militant geword, vandaar dat sommige van hul leiers en ander lede in hegtenis geneem en swaar strawwe opgelê is. Dit het daartoe bygedra dat hierdie persone in martelare omskep en hul politieke kultusstatus verhoog is. Baie jare later sou mense soos Nelson Mandela as helde vrygelaat word en die leiding neem om 'n ANC-beheerde RSA te skep.

Tydens die Verwoerd-era is gepoog om die reeds bestaande historiese vrese te besweer, maar gebeurde binne die land (soos in Sharpeville) sowel as in die buiteland (soos in die Belgiese Kongo) het enersyds die NP-regering se hand gesterk, maar andersyds ook die regeerders se gesag ondermyn. Waar die ANC aanvanklik gepoog het om blankes tot hul standpunt oor te haal en dus blanke vrese te besweer, het die NP-regering se optrede (wat in 'n sekere sin 'n oorreaksie op die PAC-geleide veldtog was, soos byvoorbeeld in Sharpeville) die ANC nou in 'n groot mate van blankes vervreem. Die ANC/MK se beplande terreurveldtog was nou onder meer daarop gemik om blanke vrese aan te blaas, die blanke se houvas op die land te ondermyn en bepaalde politieke doelwitte te bereik. Toenemende wit-swart polarisasie in die land, wat sowel die binnelandse konflikpotensiaal as buitelandse druk verhoog het, het die Vorster-regering laat vrees dat dit die voortbestaan van die land, en in die

besonder die blanke se posisie, in gevaar gestel het. Die geleidelike liberalisering van die apartheidsbeleid het egter nuwe vrese by regse Afrikaners laat ontstaan, wat tot die stigting van die HNP gelei het. In die loop van die volgende dekade (die veelbewoë sewentigerjare) sou al hierdie ontwikkelinge, faktore, kragte en vrese die politieke toneel in die RSA verder vertroebel en tot nuwe uitbarstings van geweld en die daarmee gepaardgaande versterking van vrees lei.